*REDAKSIONEEL*

Ons begin hierdie uitgawe met 'n bydrae van prof Johnnie Roberts van Unisa, wat reeds bekendheid verwerf het met sy publikasies oor die kerk in die Nuwe Testament - sy kom= mentaar op Efesiërs wat onlangs verskyn het, lewer verdere bewys van hierdie belangstel= ling. Die kerk as bouwerk van God is 'n tema waarvan hy 'n diepgaande studie gemaak het en in hierdie artikel gee hy 'n gesistematiseerde oorsig van Paulus se gebruik van hierdie beeld.

Van 'n heel ander aard is prof Daan Pienaar van die UOVS se verslag oor die afgelope ses seisoene se opgrawings in die Stad van Dawid. Aangesien hy persoonlik by hierdie argeo= logiese onderneming betrokke was, is ons bevoorreg om 'n eerstehandse berig te kry wat selfs die resultate van die 1983-seisoen insluit.

Belangstelling in die literêre aspekte van die Bybelse teks is sterk aan die toeneem. Die resensie-artikel van ds Bertie du Plessis oor die versamel= bundel van Ryken bied 'n tydige en besonder insiggewende pers= pektief op die verhouding tussen Christene, Christendom en die kuns.

Die uitgawe word afgesluit met 'n tweetal resensies van boeke wat ons vir die belangstelling van ons lesers aanbeveel.

*FROM THE EDITOR*

This issue begins with a con= tribution by prof Johnnie Roberts of Unisa, who has a special interest in the church in the New Testament as becomes clear from his numerous publications on this subject. His recent commentary on Ephesians contains further evidence in this regard. In this article he gives a systematized account of Paul's use of the building metaphor in describing various aspects of the church.

Of quite a different nature is prof Daan Pienaar's report on the last six seasons of excava= tions in the City of David. He personally participated in this venture and we are priviliged to receive a first-hand report on the progress and significance of this archeological undertaking, including the results of the 1983 season.

There is a growing interest among scholars in the literary aspects of biblical texts. The review article by Bertie du Plessis of Ryken's collection of essays offers a timely and very intriguing perspective on the relationship between Chris= tians, Christendom and the arts.

The issue is concluded by re= views of two books which would no doubt be of interest to our readers.